



HEKELLAP MET LANG FRAIINGS

Dié lap, met die outydse voorkoms, is bedoel vir meer gevorderde hekelliefhebbers

BENODIGDHEDE: Ongeveer 120 g Coats Chain-Mercer Nr. 10; hekelpen van 1,25 mm of 1 mm.

MATE: Een vierkant is ongeveer 14 x 14 cm.

AFKORTINGS: ks - kettingsteek; kb - kortbeen; lb - langbeen; st(e) - steek(steke); sp(s) - spatie(spasies); gs - glipsteek; driesl - drieslagsteek; herh - herhaal; vlg - volgende; p(s) - picot(picots) (= 3 kettingsteke, 1 glipsteek in 1e kettingsteek); grh - garing

rondom hekelpen.

VIERKANT MET SPEKE: Beginrondte: 7 ks, gs in 1e ks om ring te vorm.

1e rondte: (1 lb, 2 ks) 8 keer in ring.

2e rondte: 1 kb in eerste 2-ks-sp; * (1 ks, 1 p) 11 keer, 1 kb in vlg 2-ks-sp; (1 ks, 1 p) 7 keer, 1 kb in daaropvlg 2-ks-sp; herh van * rondom; dus, 4 speke van 11 ps en 4 van 7 ps tussenin.

3e rondte: gs tot in 6e p van eerste 11-p-speek; * 3 kb in dié p (om 'n hoek te vorm), 13 ks; 1 kb in 4e p van vlg speek, 13 ks; herh van * rondom.

4e rondte: * 3 kb in middelste hoek-kb, 14 kb in vlg 14 ste, 1 kb in kb by punt van kort speek, 14 kb in vlg 14 ste; herh van * rondom.

5e rondte: Steek hekelpen deurgaans in agterkant van elke steek om 'n rif te vorm, * 3 kb in elke middelste hoek-kb en 31 kb in elke reguit kant; herh van * rondom.

6e rondte: * (1 lb, 1 ks, 1 lb) in middelste hoek-kb, 1 ks, 1 lb in vlg kb, 1 ks, slaan 1 st oor; herh van * rondom — 16 sps in elke reguit kant.

7e rondte: 1 kb in elke lb en in elke ks; 3 kb in elke middelste hoek-sp.

8e rondte: Soos 7e rondte, maar steek hekelpen aan agterkant van lusse in.

9e rondte: ** (1 lb, 1 ks, 1 lb) in hoek-kb, 2 ks, slaan 1 st oor, 1 kb in vlg st, 2 ks, slaan 1 st oor; * (1 lb, 1 ks, 1 lb) in vlg st, 2 ks, slaan 1 st oor, 1 kb in vlg st, 2 ks, slaan 1 st oor; herh van * oor reguit kant en vanaf ** rondom.

10e rondte: * (1 kb, 1 p) 3 keer, plus 1 kb, almal in 1-ks-sp, 5 ks; herh van * rondom.

Knip garing af en heg af. Hekel 5 sulke vierkante.

VIERKANT MET BLARE: Elkeen van die 4 blare word afsonderlik gehekel en wanneer 4e blaar voltooi is, met naald en garing aanmeakaargewerk.

Eerste blaar: Begin met 11 ks, 1 kb in 2e ks vanaf pen en in elke vlg ks; 3 kb in laaste ks; hekel nou oor ander kant van basisry en hekel steeds 3 kb in die punte; vermeerder só tot daar 28 kb in die rondte is.

Begin vanaf 'n punt en hekel (4 kb, 1 p) 6 keer; hekel nog 4 kb in laaste 4 ste en knip garing af.

Meet, vóór die garing afgeknip word om te verseker dat die *nerf* van elke blaar so lank soos die langste *speek* van speekvierkante is.

Werk die blare aanmekaar en hekel dan rondom soos volg: Steek pen in p aan punt van 'n blaar, 1 kb, 4 ks, 1 kb in vlg p van dieselfde blaar, 10 ks, slaan garing 7 keer rondom hekelpen, steek pen in laaste (onderste) p aan dieselfde kant van blaar in, grh en trek deur 3 lusse, soos wanneer 'n driesl gehekel word, hou laaste lus op pen; steek pen nou in ooreenstemmende p op vlg blaar, slaan garing 3 keer rondom hekelpen en hekel 'n driesl in dié p, maar trek dit saam met eerste driesl deur; hekel nou die lusse op pen af soos 'n 3e driesl wat bo-op eerste 2 driesl staan; 10 ks, 1 kb in voorlaaste p van vlg blaar, 1 kb, 4 ks, 1 kb in p aan punt van blaar en hekel só voort rondom.

Hekel nou voort soos speekvierkant ge-hekel is en begin by 4e ry.

Hekel 4 vierkante met blare.

Wanneer die 9 vierkante voltooi is, moet dit met naald en garing by ooreenstemmende picots aanmeakaargewerk word; 1 speek-vierkant in middel en die ander 8 afwisselend daaromheen.

BUITENSTE RAND: * 1 kb in elke middelste p van groepe aan buitenste rand, 8 ks; herh rondom. Hekel nou 1 ry * 1 lb, 2 ks, slaan 2 ste oor, en in elke hoek (1 lb, 2 ks, 1 lb) in dieselfde steek.

Laaste ry: (1 lb in 2-ks-sp, 2 ks) rondom, maar hekel in elke hoek-sp (1 lb, 2 ks, 1 lb). Knip garing af en werk af.

FRAIINGS: Voltooi lap deur stukke garing ongeveer 30 cm lank te knip en dit driebubbel in elke 2-ks-sp vas te knoop. Raadpleeg foto.